

BOERDERYBESTUUR EN FINANSIËLE BEPLANNING DIE BELANGRIKHEID DAARVAN IN DIE TOEKOMSTIGE STABILITEIT VAN DIE BOERDERYNYWERHEID

H A KOTZÉ, Universiteit van die Oranje Vrystaat

Gedurende die afgelope dekades is meermale in die openbaar klem gelê op die bestuursaspekte in die boerdery. Ver al het die stemme opgegaan in tye wat die ekonomiese skoën druk. Dan word daar gesoek na middele en weë om verligting te bring, maar helaas, wanneer beter tye aanbreek word daar maar weer 'n bietjie slap laat lê. Waar die ekonomiese skoën nou weer druk is dit weer eens 'n geleentheid om die aandag indringend te vestig op daardie aspekte waar daar nog veel ruimte vir verbetering is. Een van hierdie aspekte is dan juis boerderybestuur en finansiële beplanning. Dit is egter nodig dat ons uit die verlede die les leer om nie sporadies en op 'n ongekoördineerde wyse hierna te kyk nie, maar op 'n deurlopende en gekoördineerde grondslag daadwerklik aandag daaraan te skenk. Dan alleen kan ons verwag om vrugte te pluk.

In hierdie referaat sal aandag gegee word aan

- 1 enkele belangrike ekonomiese tendense en die implikasies daarvan op die boerderynywerheid;
- 2 die plek en rol van finansiële beplanning binne die breë raamwerk van boerderybestuur; en
- 3 die belangrikheid daarvan in die toekomstige stabiliteit van die boerderynywerheid.

Enkele belangrike ekonomiese tendense en die implikasies daarvan op die boerderynywerheid

Inflasie het ook tot die boerdery deurgedring soos blyk uit die indekse van produsentepryse, verbruikerspryse en pryse van boerderybenodigdhede. Dit is veral in 1972/73 dat die inflasiekoers groot afmetings begin aanneem het en word die persentasie styging in die pryse van die voornoemde items van 1972/73 tot 1975/76 aangedui in Tabel 1.

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die inset/uitset-prysverhouding in die boerdery gedurende die kort tydperk van drie jaar drasties verander het en tans vir die boer baie ongunstiger daar uitsien as enkele jare gelede. Gelukkig het die boere gedurende die tydperk oor die algemeen gunstige klimaatstoestande gehad wat hulle van misoeste en lae produksie gered het. Die vraag is egter wat sou gebeur het of wat sal vorentoe gebeur as boere 'n swak landboujaar sou gehad het of sal kry, gegewe die huidige ongunstiger inset/uitset prysverhoudings.

Daar dien in die verband veral op 'n paar aspekte gelet te word. Eerstens het veral die saamboer hoë jaarlikse uitgawes wat hy moet aangaan. Baie boere maak omvattend van

*TABEL 1 Persentasie styging in produsentepryse van landbouprodukte, verbruikerspryse en boerderybenodigdhede van 1972/73 tot 1975/76**

Item	Prys- styging	Item	Prys- styging
Produsentepryse	%	Boerderybenodigdhede	%
Akkerbouprodukte	57,9	Masjinerie en gereedskap	62,2
Tuinbouprodukte	32,1	Verbeteringsmateriaal	82,1
Veeveelprodukte	35,0	Korttermyn benodigdhede	65,9
Alle landbouprodukte	41,9	Alle benodigdhede	66,6
Somergrane	51,0	Trekkers	68,7
Wintergrane	50,8	Vragmotors	51,5
Oliesade	52,6	Implemente	67,1
Aartappels	28,0	Pomptoerusting	74,9
Vee geslag	39,5	Onderdele	62,7
Suiwelprodukte	78,3	Kunsmis	75,8
		Brandstof	113,7
Verbruikerspryse		Veevoer	40,6
Alle items	39,8	Spuistowwe	70,4
Voedsel	47,7		

* Verwerk van gegewens vervat in Kortbegrip van Landboustatistiek, Afdeling Landboumerkingsnavorsing, Pretoria, 1977.

krediet gebruik om hulle produksie te finansier en as hulle 'n swak of misoese sou kry mag dit bankrotskap beteken. Tweedens mag dit in sommige gevalle nie meer lonend wees om sekere produkte te produseer nie, veral as die implikasies van die hoër vaste kostes wat deur die prysstygings van duursame produksiemiddele veroorsaak word ook in berekening gebring word. Derdens beteken ongunstiger inset/uitset-prysverhoudings dat indien tegniek en bestuur nie verbeter nie, daar ekstensifiseer moet word om ekonomies te kan bly produseer. Die aard van hierdie ekstensifikasieproses en die implikasies daarvan in die landbou word myns insiens nog nie allerweë besef nie alhoewel Heady (1952) dit reeds in die vyftiger jare treffend soos volg aangedui het.

"An elasticity figure which is constant but very low (D) corresponds to a total product curve with a relatively small

slope, as does an elasticity coefficient (over most of its range such as C) which is initially high but declines very rapidly. Production functions with a constant and high elasticity (A) have a great slope, as do those with an elasticity coefficient which is initially high and which declines slowly (B). The ability of a fixed soil area to absorb capital and labor inputs will depend to a large extent on the elasticity coefficient. If the elasticity coefficient is initially high but sharply turns to a low level (column 7 in Table 1 for dry weather or C in Figure 3) the structure of costs will be one which causes use of a small amount of the resource to be highly profitable. However, neither large increases in the price of the product or large decreases in the price of the resource can cause use of the resource to be extended by important amounts; also the quantity used may be quite stable as price relationships change.

"Agronomists suggest that no single elasticity situation characterizes all soils and climatic conditions. Some soils have high elasticities over wide ranges of inputs. Others have an elasticity coefficient which is high for 1 or 2 units of input but drops near 0 for greater inputs. The elasticity of the product curve depends on the quantity of limiting factors (fixed service stocks) which are present in or attached to the soil. The elasticity of production tends to be higher over wide ranges of fertilizer inputs in a humid region with ample rainfall than for one with limited rainfall. Resources such as seed, soil amendments, and the cooperating services of labor have a high initial elasticity in the Great Plains semi-arid region, but the elasticity quickly declines for more intensive applications. This same situation exists in other areas where the soil itself contains limited stocks of elements which cannot be added easily or economically."

Dit is nou beslis duidelik dat die boerdery en boere gekonfronteer is met sekere aanpassings wat hulle sal moet maak om die ekonomiese mas te kan opkom. Finansiële beplanning van die boerdery kan die boer help om onder hierdie omstandighede die regte besluit te neem. Finansiële beplanning is egter slegs een aspek van boerderybestuur en sy plek en rol binne die breë raamwerk van boerderybestuur moet duidelik besef word.




FIG 3 Elasticity of production and Input-output relationships

Die plek en rol van finansiële beplanning binne die breë raamwerk van boerderybestuur*

Bestuur is 'n kuns, 'n beroep en 'n wetenskap. Net soos iemand wat aanleg het in byvoorbeeld die skilderkuns homself daarin verder kan bekwaam, net so kan iemand met bestuursaanleg hom ook verder in die bestuurswese bekwaam. Dit verklaar waarskynlik waarom 'n mens meermale hoor dat boer A wat geen landbou-opleiding gehad het nie 'n suksesvolle boer is terwyl boer B wat wel landbou-opleiding gehad het 'n mislukking van die boerdery gemaak het. Vir doeileindes van hierdie bespreking sal daar enersyds gelet word op die boerderyhulpbronne wat tot die beskikking van die boer is en andersyds op die oogmerke en ideale van die boer wat hy wil bereik deur die benutting van sy boerderyhulpbronne.

Die boerderyhulpbronne is

- i fisiese produksiemiddele soos grond, vee, masjinerie en gereedskap;
- ii menslike hulpbronne – hoofsaaklik swart arbeid;
- iii finansiële hulpbronne;
- iv markte vir plaasprodukte; en
- v wetenskaplike kennis.

Hierdie hulpbronne kan benut word om die boer se oogmerke te bereik. Hierdie oogmerke kan gesien word as enersyds die boerdery as organisasie se oogmerke en andersyds as die persoonlike oogmerke van die boer. Die boerdery se oogmerke kan wees om die hulpbronne só te benut dat daar wins sal wees, uitbreiding van die boerdery kan plaasvind en dat die plaas instand gehou sal word. Onder persoonlike oogmerke kan genoem word die bevrediging van ekonomiese behoeftes, sekuriteits- en sosiale behoeftes en selfs hoër vlak behoeftes aan erkenning, status en vooruitgang.

Die bestuursfunksie bestaan nou daarin (vergelyk Figuur 1) dat die boerderyhulpbronne (wat as insette beskou kan word) deur middel van deurvoere gebruik gaan word om die oogmerke (was as uitsette beskou kan word) te bereik met die nodige volgehoue terugvoere vanaf die oogmerke na die prosesse om vas te stel of daar goed genoeg gewerk is asook die terugvoere na die hulpbronne om vas te stel of die regte kombinasie gebruik is. Wanneer hierdie proses aan

* Hierdie bespreking is in navolging van 'n uiteensetting van boerderybestuur deur L. K. Oosthuizen. Verwys referate gelewer gedurende 1976 by geleentheid van SABRA-jeugkongresse te Bloemfontein en Nelspruit.

FIG 1 Skematiese voorstelling van bestuur, hulpbronne, oogmerke en organisasie





FIG 2 Skematiese voorstelling van beplanning, organisering, koördinerings en kontrole



die gang is, is daar 'n boerdery-organisasie. Hierdie organisasie staan egter nie geïsoleerd van sy omgewing nie maar beïnvloed sy omgewing deur byvoorbeeld die produkte wat geproduseer word en die beeld van die plaas soos deur sy voorkoms weerspieël. Van buite word die organisasie beïnvloed deur byvoorbeeld ekonomiese toestande, die openbare mening, landboubeleid en mededinging van ander sektore. Die boerdery-organisasiegrens word dan ook in Figuur 1 met 'n stippellyn voorgestel.

Die eintlike bestuursfunksie of werk vind plaas wanneer die boer as bestuurder deur middel van die administratiewe prosesse (beplanning, organisering, koördinerings en kontrole) die hulpbronne benut om sy oogmerke te bereik. Die boer is derhalwe tegelyk 'n bestuurder van elk van die hulpbronne en kan hy as produksiebestuurder, finansiële bestuurder, bemarkingsbestuurder, arbeidsbestuurder en navorsings- en ontwikkelingsbestuurder gesien word (vergelyk Figuur 2). Die boer gee die nodige leiding en koördinasie by elkeen van die vyf bestuursprosesse en hy neem ook die finale besluite ten opsigte van elkeen van die vyf operasionele prosesse. Weens veranderings is hierdie 'n dinamiese funksie. Hierbenewens moet die boer sy produksiemiddele, beskikbare markte, finansiële hulpbronne, arbeid en oogmerke beplan, organiseer, koördineer en kontroleer.

Let daarop dat die vyf operasionele prosesse in Figuur 2 deur middel van oorvleulende sirkels voorgestel word om hul interverwantskap en die interafhanklikheid duidelik uit te wys. Die boer as bestuurder se finansiële behoeftes sal bepaal word deur sy produksiebesluite wat egter ook beïnvloed word deur byvoorbeeld sy finansiële posisie, beskikbaarheid van arbeid, markgeleenthede, ens. Finansiële bestuur moet dus met in agneming van die ander hulpbronne tot die boer se beskikbaarheid en selfs van buite faktore geskied.

Die belangrikheid van finansiële beplanning as faktor om stabiliteit te kan bewerkstellig lê in die eerste plek in die besef van die interafhanklikheid van die verskillende operasionele prosesse.

Die belangrikheid van finansiële beplanning in die toekomstige stabiliteit van die boerderynywerheid

Die belangrikste aspek van finansiële beplanning in die boerdery is die bepaling van die aard en omvang van die kapitaalbehoefte van die boerdery-onderneming. 'n Logiese vertrekpunt is om 'n deeglike evaluasie van die fisies/biologiese potensiaal van die plaas te verkry en 'n plaaskaart voor te berei waarop (skaal 1:6000) die verskillende grondtipes aangedui word. (Vergelyk Figuur 3).

Aan die hand van hierdie inligting kan vasgestel word watter produksie-moontlikhede (akkerbou-, tuinbou- en veekundige produksie-moontlikhede) die plaas oor beskik. Uit hierdie moontlikhede moet 'n keuse gemaak word oor watter produkte wel geproduseer behoort te word met in agneming



FIG 3 Plaaskaart met grondseries

van die oogmerke van die boer en sy ander hulpbronne (fisiese produksie-hulpbronne, tegnologiese hulpbronne, markgeleenthede, arbeid en finansiële hulpbronne). Daar moet dus ook inligting hieroor verkry word. Daar kan dan bepaal word watter gewasvertakkings in die boerderystelsel ingeskael kan word met inaggenome alle fisiese-, tegniese- en institusionele beperkings wat van toepassing mag wees. Realistiese opbrengste van gewasse wat onder normale klimaatsomstandighede en met huidige produksietegniese wat verwag kan word, moet bepaal word. Bepaal ook realistiese pryse vir kontantgewasse wat verwag kan word. Bereken dan die bruto inkomstes, veranderlike kostes, bruto marges per hektaar (in die geval van kontantgewasse). Doen soortgelyke bepalinge en berekenings vir maontlike veevertakkinge en druk die bruto marges per GVE en per hektaar voergewasse uit.

Gegewe hierdie inligting kan nou met behulp van een of meer boerderybeplanningstegniese soos die begrotingstegniek en lineieëre programmering beplan word watter produkte en hoeveel van elk geproduseer behoort te word en wat die insetvereistes daarvoor moet wees. Hierdie insetvereistes word dan volgens die koste verbonde aan elke tipe inset vir 'n bepaalde produk en volgens die maande wat dit benodig word in die vorm van 'n begroting aangedui. Hierdie begroting weerspieël dan die kapitaalbehoefte vir die bepaalde boerdery.

'n Voorbeeld van so 'n beplanning word hieronder aangedui. In hierdie voorbeeld is die kontantgewasse wat verbou word mielies, koring, aartappels en sonneblom terwyl tritcale en babala as voergewasse vir 'n vleisbeesvertakking verbou word.

Die verbouingspraktyke vir mielies en die bruto marge berekening word as voorbeeld ook weergegee. Soortgelyke berekenings word, om spasie te bespaar nie vir die ander vertakkinge hier weergegee nie.

Verbouingspraktyke en bruto marge vir mielies

Oppervlakte 328 ha

Doel

Mielies word as 'n wisselbou gewas met koring en aartappels verbou om onkruid (wilde hawer) te help bestry. Mielies is ook 'n kontantgewas.

Funksies

Voorplantpraktyke

Mielies word in wisselbou met koring en aartappels verbou. In Augustus tot September word die ou oorblyfsels van die vorige oes met 'n skottelbewerking in die grond gewerk. Hierna word geskaarploeg in Augustus en September en dan volg weer 'n skottelbewerking in Oktober tot November om onkruid in te werk en grond vir 'n saadbed voor te berei.

Plantpraktyke

Die kunsmis word met planting in dieselfde proses toegedien. 'n Onkruidodder kan ook met plant toegedien word. Die planttyd van mielies strek vanaf 20 Oktober tot 20 November. Die cultivar SSM 42 word geplant teen 'n digtheid van 10 kg/ha en die cultivar moenie later as 20 November geplant word nie anders raak die groeiseisoen te kort. Gesaprim (onkruidodder) kan met planttyd goegedien word in bane 0,3 m uitmekaar. Kunsmis word op die hoë potensiaal gronde toegedien teen 'n peil per ha van

300 kg	3:2:1
250 kg	Supers
150 kg	KAN

Op medium potensiaal gronde is die bemestingspeil per ha

300 kg	2:3:1
100 kg	Supers
50 kg	KAN

Na-plantpraktyke

Na plant kan 'n meganiese skoffelbewerking gedoen word. Hiermee saam kan die KAN toegedien word in November

tot Desember. In November kan ook vir topruspe gespuit word met Thiodan teen 'n peil van 660 ml/ha.

Oespraktyke

Mielies word met 'n stroper geoes en met 'n 7 ton massawa na die graansuier vervoer. Drie arbeiders word benodig om koppe wat bly lê agter die stroper op te tel.

Kritieke punte

Omdat die mielies agter die stroper opgetel word, is dit nie 'n gewenste praktyk om vee op die mielielande te laat wei nie, omdat dit beter is om die stronke en materiaal terug te werk.

Koste om mielies te verbou

A Koste om mielies op hoë potensiaal ou lande te verbou	
1	Bewerkingskoste (Tabel 2) R 29,90/ha
2	Oeskoste (Tabel 2) 11,68
3	Onkruidododer en insektododer
	Gesaprim teen R87,20/20 liter 16,61/ha
	Thiodan teen R94,44/25 liter 2,51/ha
	<u>R 19,12/ha</u>
4	Bemestingskoste
	300 kg 3:2:1 (25) teen R108,30/ton R 32,49/ha
	150 kg KAN teen R114,47/ton 17,18/ha
	1000 kg Kalsitiese kalk teen R6,00/ton 6,00/ha
	1000 kg Dolomitiese kalk teen R8,40/ton 8,40/ha
	<u>R 64,07/ha</u>
5	Saadkoste
	9 kg SSM 42 saad/ha R 2,97
Totale koste op hoë potensiaal ou lande x 192 ha R 126,74 R24 334,08	

Verwagte opbrengs op hoë potensiaal lande teen R65/1 000 kg	=	3 500 kg/ha	=	R 227,50/ha
koste/ha	=	R 126,74/ha		
Bruto wins/ha	=	R 100,76/ha		
Totale bruto wins op 192 ha	=	R19 345,92		

B Koste om mielies op hoë potensiaal nuwe lande te verbou

1	Bewerkingskoste (Tabel 3) R 41,11/ha
2	Oeskoste (Tabel 3) 11,68/ha
3	Bestrydingskoste

	Gesaprim teen R87,20/20 liter R 16,61/ha
	Thiodan teen R94,44/25 liter 2,51/ha
	<u>R 19,12/ha</u>
4	Bemestingskoste
	300 kg 3:2:1 teen R108,30/ton R 32,49/ha
	150 kg KAN teen R114,47/ton 17,18/ha
	1000 kg Kalsitiese kalk teen R6,00/ton 6,00/ha
	1000 kg Dolomitiese kalk teen R8,40 8,40/ha
	<u>R 64,07/ha</u>
5	Saadkoste
	9 kg SSM 42/ha R 2,97/ha
Totale koste R 138,95/ha	
x 20 ha R 2 779,00	

Verwagte opbrengs op hoë potensiaal land	=	3 500 kg
teen R65,00/1 000 kg	=	R 227,50/ha
Koste/ha	=	138,95/ha
Bruto wins/ha	=	R 88,55
Totale bruto wins op 20 ha	=	R 1 771,00

C Koste om mielies op medium potensiaal ou land te verbou

1	Bewerkingskoste R 28,90/ha
2	Oeskoste 11,68/ha
3	Bestrydingskoste
	Gesaprim teen R87,20/20 liter R 16,61/ha
	Thiodan teen R94,44/25 liter 2,51/ha
	<u>R 19,12/ha</u>
4	Bemestingskoste
	300 kg 3:2:1 teen R108,30/ton R 32,49/ha
	50 kg KAN teen R114,47/ton 5,50/ha
	1000 kg Kalsitiese kalk teen R6,00/ton 6,00/ha
	1000 kg Dolomitiese kalk teen R8,40/ton 8,40/ha
	<u>R 52,39</u>
5	Saadkoste
	9 kg/ha SSM 42 R 2,97
Totale koste/ha R 115,06	

Verwagte opbrengs op medium potensiaal grond	=	2 800 kg
teen R65,00/1 000 kg	=	R 182,00/ha
Koste/ha	=	115,06/ha
Bruto wins/ha	R 66,94/ha	
Totale bruto wins op 136 ha	R 9 103,84	
Totale bruto wins op alle mielies	R30 220,76	

Hierna volg die begroting wat uit die vorige berekenings opgestel is en waar die verwagte inkomste en verwagte uitgawes volgens vertakking en inset item per maand vir twaalf maande opgestel is met 'n opsommende begroting wat die finansiële behoeftes aandui.

TABEL 2 *Bewerkingskoste van mielies op ou lande*

	Maand	Trekker grootte	Tyd uur/ha	Trekkerkoste				Totaal Trekker koste	Implemente koste			Totaal arbeid C/uur	Totaal bework C/uur
				Lopende koste		Vaste koste			Rep.	Depr.	Imple- mente koste		
				Reparasies	Brandstof	Depr.	Ass.						
Kontoer	7,8	45-51	0,5	27,0	101,0	16,0	1,5	145,5	23,92	28,71	52,63	10,0	208,13
Skotteleg	8,9	45-51	1,01	54,54	204,02	32,32	3,03	293,91	14,71	47,07	61,78	20,2	375,89
Skaar	8,9	45-50	2,07	111,78	418,14	66,24	6,21	602,37	16,72	20,07	36,79	41,40	680,56
Skotteleg	10,11	45-51	1,01	54,54	204,02	32,32	3,03	293,91	14,71	47,07	61,78	20,2	375,89
Plant	10,11	45-51	0,65	35,10	131,30	20,80	1,95	189,15	12,41	39,72	52,13	18,85	260,13
Spuit	11	45-51	0,34	18,36	68,68	10,88	1,02	98,94	-	-	-	23,28	122,22
Meg. skoffel	11,12	45-51	0,97	52,38	195,94	31,04	2,91	282,27	3,39	8,15	11,54	81,48	375,29
Kalk (2x)	7,8	45-51	0,80	43,20	161,60	25,60	2,4	232,80	1,72	6,58	8,30	41,60	283,00
Gelykmaak	7,8	45-51	0,5	27,0	101,0	16,0	1,5	145,50	23,92	28,71	52,63	10,00	208,13
Oeskostes	6,7,8	45-51	1,82	12,84	456,82	67,34	5,46	642,46	116,48	279,55	396,03	129,22	1 167,71
Totaal/ha				636,74	2042,52	318,54	29,01	2926,81	227,98	505,63	733,61	386,33	4 046,75

TABEL 3 *Bewerkingskoste van mielies op nuwe lande*

Maand	Trekker grootte	Tyd uur/ha	Trekkerkoste						Totaal			Arbeidskoste			Totaal arbeid	Totaal bewerk
			Lopende koste		Vaste koste		Trekker koste	Implemente koste			Tyd	Koste	C/uur	C/uur		
			Reparasies	Brandstof	Depr.	Ass.		Rep.	Depr.	Imple-mente koste						
			C/uur	C/uur	C/uur	C/uur	C/uur	C/uur	C/uur	C/uur	u/ha	C/uur	C/uur	C/uur		
Kontoer	7,8	45-51	27,0	101,0	16,0	1,5	145,5	23,92	28,71	52,63	0,5	10	10	10	208,13	
Gelykmaak	7,8	45-51	27,0	101,0	16,0	1,5	145,5	23,92	28,71	52,63	0,5	10	10	10	208,13	
Dieptand	8,9	52-64	80,8	343,87	56,17	5,48	486,32	12,00	14,39	26,39	1,37	27,40	27,40	27,40	540,11	
Skaar	8,9	45-51	111,78	418,14	66,24	6,21	602,37	16,72	20,07	36,79	2,07	41,40	41,40	41,40	680,56	
Skotteleg	8,9	45-51	54,54	204,02	32,32	3,03	293,91	14,71	47,07	61,78	1,01	20,20	20,20	20,20	375,89	
Skaarploeg	8,9	45-51	111,78	418,14	66,24	6,21	602,37	16,72	20,07	36,79	2,07	41,40	41,40	41,40	680,56	
Skotteleg	10,11	45-51	54,54	204,02	32,32	3,03	293,91	14,71	47,07	61,78	1,01	20,20	20,20	20,20	375,89	
Plant	10,11	45-51	35,1	131,3	20,80	1,95	189,15	13,41	39,72	52,13	2,60	18,85	18,85	18,85	260,13	
Spurt	11	45-51	18,36	68,68	10,88	1,02	98,94	-	-	-	1,37	23,28	23,28	23,28	122,22	
Meg. skoffel	11,12	45-51	52,38	195,94	31,04	2,91	282,27	3,39	8,15	11,54	4,85	81,48	81,48	81,48	375,29	
Kalk (2x)	7,8	45-51	43,20	161,60	25,6	2,4	232,8	1,72	6,58	8,30	2,40	41,60	41,60	41,60	282,70	
Oeskoste	6,7,8	45-51	112,84	456,82	67,34	5,46	642,46	116,48	279,55	396,03	7,28	129,22	129,22	129,22	1 167,71	
Totaal/ha	-	-	729,32	2804,53	440,95	40,7	4015,5	257,62	540,08	797,78	-	465,03	465,03	465,03	5 278,31	

TABEL 4 Maandelikse begroting vir plaas as geheel

	Januarie	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Augustus	September	Oktober	November	Desember	Totaal
A Inkomste													
1 Vee verkoop							16530,00						16530,00
2 Mielies						72982,00							72982,00
3 Koring												40630,50	40630,50
4 Aartappels			11250,00			20770,00							11250,00
5 Sonneblom.													20770,00
6 Triticale													
7 Babala			11250,00			50072,00	16530,00					40630,50	162162,50
B Uitgawes													
1 Vee													
Babala					320,50			136,41		544,58	30,07	72,84	1122,92
Triticale	16,70	40,82	152,04	91,36							20,81		303,21
Medisyne en													
Veearts	126,56	9,14	638,20	102,90	163,20	6,75	88,94	112,32	206,00	218,40	218,40	215,10	2105,91
Lekke		18,39	18,39	18,39	18,39	18,39	14,66	14,66	14,66				139,66
Arbeid	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	105,60	1267,20
	248,86	173,95	914,23	318,25	607,69	130,74	212,93	368,99	326,26	868,58	374,88	393,54	4938,90
2 Mielies													
Bewerkingskoste						2090,54	3493,48			1958,06	1288,22		8830,30
Bemestingskoste						3052,80				10530,04			13582,84
Saadkoste										629,64			629,64
Bestrydingskoste											4053,44		4053,44
Arbeidskoste						423,12	202,05	215,81		128,08	343,61		1312,67
Oeskoste						1362,01							1362,01
Ander													
						1785,13	5345,39	3709,29		13245,82	5685,27		29770,90
3 Koring													
Bewerkingskoste	316,87	1487,48	462,52		1285,35	1396,36			958,21	1359,53	1597,77	787,46	9651,55
Bemestingskoste					8314,20								8314,20
Saadkoste					479,41								479,41
Bestrydingskoste						1942,74							1942,74
Oeskoste												4016,00	4016,00
Arbeidskoste	20,40	68,77	30,62		122,49	65,26			62,10	71,40	204,81	50,70	696,55
Ander													
	337,27	1556,25	493,14		10201,45	3404,36			1020,31	1430,93	1802,58	4854,16	25100,45

TABEL 4 (vervolg)

	Januarie	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Augustus	September	Oktober	November	Desember	Totaal
4 Aertappels													
Bewerkingskoste	15,43	48,97		15,43				9,91	55,04	34,10			178,88
Bemestingskoste									42,00	691,05			733,05
Saadkoste		61,95								1876,75			1876,75
Bestrydingskoste													61,95
Oeskoste			49,45										49,45
Materiaalkoste			975,00										975,00
Bemerkingskoste			1275,00										1275,00
Vervoer	1,80	10,13		1,80				0,50	4,59	11,01			29,83
Ander (vervoer)			169,15										169,15
	17,23	121,05	2468,60	17,23				10,41	101,63	2612,91			5349,06
5 Triticale													
Bewerkingskoste	15,69	38,84	25,60								19,81	27,75	127,69
Bemestingskoste			107,50									42,00	149,50
Saadkoste			16,50										16,50
Arbeidskoste	1,01	1,98	2,44								1,00	3,09	9,52
Ander													
	16,70	40,82	152,04								20,81	72,84	303,21
6 Babala													
Bewerkingskoste				86,96	122,11			130,38		153,20	28,35		521,00
Bemestingskoste					184,80					363,00			547,80
Saadkoste										14,96			14,96
Arbeidskoste				4,40	13,59			6,03		13,42	1,72		39,16
Ander													
				91,36	320,50			136,41		544,58	30,07		1122,92
7 Sonneblom													
Bewerkingskoste							530,99	1438,48		420,40	849,52		3239,39
Bemestingskoste								1929,60			4430,04		6359,64
Saadkoste											136,68		136,68
Materiaalkoste						1849,20							1849,20
Oeskoste						1482,04							2705,46
Spuitkoste											1223,42		
Vervoerkoste						1061,28	26,80	110,42		27,07	165,64		1061,28
Arbeidskoste													329,93
Ander						4392,52	557,79	3478,50		447,47	6805,30		15681,58

TABEL 5 Opsomming van begroting

	Januarie	Februarie	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Augustus	September	Oktober	November	Desember	Totaal
A Inkomste													
1 Vee						16530,00							16530,00
2 Mielies					29302,00								72982,00
3 Koring												40630,50	40630,50
4 Aartappels			11250,00										11250,00
5 Sonneblom					20770,00								20770,00
Totaal	—	—	11250,00	—	—	50072,00	16530,00	—	—	—	—	40630,50	162162,50
B Uitgewas													
1 Vee	248,86	173,95	914,23	318,25	607,69	130,74	212,93	368,99	326,26	868,58	374,88	393,54	4938,90
2 Mielies						1785,13	5345,39	3709,29		13245,82	5685,27		29770,90
3 Koring	337,27	1556,25	493,14		10201,45	3404,36			1020,31	1430,93	1802,58	4854,16	25100,45
4 Aartappels	17,23	121,05	2468,60	17,23		4392,52	557,79	10,41	101,63	2612,91	447,47		5349,06
5 Sonneblom								3472,50			6805,30		15681,58
Totaal	603,36	1851,25	3875,97	335,48	10809,14	9712,75	6116,11	7561,19	1448,20	18605,71	14668,03	5247,70	80940,89

Slot

Deur die voornoemde tegnieke toe te pas kan nie-betalende vertakkinge vir individuele boere identifiseer word. Hierbenewens kan ook vasgestel word watter vertakkinge wel betalend is en wat die orde van betalendheid is. Met behulp hiervan kan die boerderyplan, binne die raamwerk van die beperkings, daargestel word wat die beste resultate behoort te gee. So 'n boerderyplan dui aan watter aanpassings die boer behoort te maak en wat die kapitaalbehoefte vir die uitvoering van die plan sal wees.

Finansiering wat op hierdie grondslag geskied sal die hoogste mate van doeltreffende aanwending van die boer se eie fondse asook van geleende fondse verseker. Hierdie is egter 'n werkwyse wat op 'n gekoördineerde en volgehoue grondslag aangepak en deurgevoer moet word en waarby die boer asook kredietverskaffers soos koöperasies en handelsbanke ten nouste betrokke moet wees.

Dit is nie voldoende om landboufinansiering bloot op sekuriteit te verskaf nie. Aandag moet ook gegee word aan die prestasies van die boer soos deur rekords oor 'n aantal jare weerspieël word. Dit gee 'n aanduiding van die boer se bestuursvernuf. Dan behoort beskikbare fondse geallokeer te word volgens finansieringsbehoefte van die boer wat volgens die metode wat hierbo beskryf is, bereken is en met inagneming van die boer se bestuursvermoë en sekuriteit.

Indien hiertoe oorgegaan sou kon word kan finansiële beplanning 'n belangrike bydrae lewer om die toekomstige stabiliteit van die boerderynywerheid te help verseker. Die Misstofvereniging van Suid-Afrika kan in hierdie verband 'n daadwerklike bydrae lewer.

Verwysing

HEADY, E.O., 1952. Economics of agricultural production and resource use. 61-62. Prentice-Hall, Inc., New York.